

## F A VAN JAARVELD AS GESPREKSGENOOT

D H Heydenrych  
*Universiteit van Pretoria*

Daar is 'n faset van F A van Jaarsveld die akademikus en denker wat waarskynlik nooit voldoende erkenning sal kry nie omdat dit, weens die informele aard daarvan, nooit op rekord geplaas sal word nie, en wat tog vir baie kennisse en kollegas sal bybly. Dit is sy informele gesprekke. Rondom 'n koppie tee by die universiteit, in sy kantoor rondom die koffietafeltjie, wanneer 'n mens by hom aan huis kom, selfs oor die telefoon of tydens 'n informele gesprek ná 'n formele lesing, borrel die gedagtes soms soos uit 'n fontein en laat dit die aanhoorder dikwels nadenkend en verryk weggaan.

Selde is prof Van Jaarsveld se gesprekke op die gewone "aardse" vlak. Oor die Afrikaner-"godsdienst", rugby, en ander sport hoor jy hom selde praat. Dis asof hy 'n gespreksgeleentheid as té kosbaar beskou om op so iets te vermors. Toe 'n kollega hom onlangs vra of hy na 'n vroegoggend-televisie-uitsending van 'n wedstryd van die rugbyspringbokke in Nieu-Seeland gekyk het, het hy bevestigend geantwoord. Maar, het hy onmiddellik bygevoeg, dit is ontstellend dat soveel waarde deur só baie mense geheg word aan die vermoë van 'n rugbyspeler om 'n bal ver en reguit te kan skop!

Nee, prof Van Jaarsveld se gesprekke is altyd 'n intellektuele oefening. Die tyd is te kosbaar en daar is te veel dringende en aktuele temas om te pak: sy vakgebied, ja — en veral die insigte oor die beoefening van die vak in die moderne Suid-Afrikaanse samelewing waartoe sy leeswerk en persoonlike kennismaking met Europese historici hom gebring het — maar ook volksake, die binnelandse politiek, die ekonomie en die internasionale toestand.

Uiteraard interesseer sy gedagtes oor die beoefening van geskiedenis die meeste vir mede-historici. Prof Van Jaarsveld is intens bewus van sekere gebreke in ons geskiedskrywing in Suid-Afrika en van die eise wat 'n nuwe, geïndustrialiseerde en stedelike samelewing daaraan stel. Hy is bewus daarvan dat die historikus in Suid-Afrika, en veral die Afrikaanse historici, weens isolasie agter geraak het en voeling verloor het met die jongste verwickelinge op historiografiese gebied in die buiteland. Daarom praat hy met groot entoesiasme oor sy besoeke aan Europese geskiedenisdepartemente en -institute en wys hy met groot geesdrif vir jou by sy huis die dagboek wat hy tydens 'n besoek aan Europa gehou het oor sy gesprekke met historici en sy indrukke daaroor. Die name rol van sy lippe af van historici wat baie van ons nog slegs by wyse van hulle geskifte leer ken het en, helaas, van wie sommige van ons nog nie gehoor het nie. Die boeke wat hy oorsee gekoop het word met groot opwinding vir jou gewys — soos 'n kind wat gaande oor 'n nuwe speelding is. Die titels — baie daarvan in Duits en selfs in Frans — fliets voor jou verby en wanneer jy sommige deurblaai val dit jou op dat dié boeke gelêë is: in potlood is daar onderstreep en aantekeninge gemaak.

Met groot opgewondenheid word daar vertel van die institute wat hy oorsee besoek het: die Annales-skool in Parys; 'n Paryse dokumentasiesentrum vir die geskiedenis waar die komper op so 'n groot skaal aangewend word dat dit as 'n geheuebank dien vir gegewens wat ons in Suid-Afrika nog nie as belangrik genoeg beskou om te verwerk nie; 'n voorlesing, in Duits, voor 'n groep Duitse historici en nagraadse studente. Is dit 'n wonder dat dié gesprekke heel dikwels eensydig verloop? Dié dinge lê ongelukkig vir die meeste Suid-Afrikaanse historici buite hulle ervaringswêreld.

Oor die interdisiplinêre benadering van die geskiedenis raak prof Van Jaars-

veld net so entoesiasies. Menige teetyd-gesprek het al hieroor gegaan. Heel dikwels word 'n persoon uit 'n ander dissipline ook bygeroep — die teekamer is, helaas, tog dié een plek waar mense uit verskillende vakgebiede nog ontmoet en uit hulle isolasie breek. Daar word gepraat oor die gebrekkige opleiding van ons historici wat 'n verskynsel soos verstedeliking moet navors en verklaar. Daar word by geleentheid 'n sosioloog bygeroep en die voorstel sommer daar en dan gemaak dat 'n formele gesprek oor raakvlakke tussen Geskiedenis en Sosiologie tussen die twee departemente gereël word. Soms word 'n staatsleerkundige ingetrek en ander kere weer 'n filosoof. Tydens dié gesprekke kom die deelnemers opnuut onder die indruk van Huizinga se stelling dat die geskiedenis die “onsselfstandigste” van alle wetenskappe is: dat dit die lewe van die verlede in sy totaliteit en in waarheid moet beskrywe en daarom vir hulp moet gaan aanklop by die ander wetenskappe wat almal die waarheid op verskillende terreine nastreef. En prof Van Jaarsveld is nie skaam om dit te doen nie, om raad te vra en voortdurend nuwe dissiplines te betree en te betrek in sy soeke na 'n totaliteitsgeskiedenis nie.

Die gesprekke met prof Van Jaarsveld wat egter soms die grootste indruk op 'n mens maak is dié waarin, met gebruikmaking van parallelle uit die geskiedenis, oor aktuele sake soos die politiek gesels word. Dit is tydens dié gesprekke opvallend dat Van Jaarsveld intens volksman is wat identifiseer met Afrikanerstrewes, juis omdat hy die Afrikaner se geskiedenis so goed ken. As realis wat tydgenootlike gebeure intens beleef en vir wie dit juis gaan om die voortbestaan van die Afrikaner en die witman en sy saambestaan met ander bevolkingsgroepe, is hy egter krities genoeg om nie verstok aan die verlede en sy waardes en begrippe vas te hou nie. Daarom is sy oë oop vir die noodsaaklikheid van aanpassing en vir die “foute” van die verlede. Uit sy gesprekke blyk dan dikwels 'n besorgdheid dat hierdie “foute” nie “herhaal” word en die moontlikheid van vreedsame voortbestaan in gevaar stel nie.

Die parallelle wat hy trek verstorm soms juis omdat hulle so voor die hand lê: die politieke stryd in Suid-Afrika gaan nou weer, net soos in die negentigerjare van die negentiende eeu, om die stemreg, maar nou nie meer die stemreg van uitlander-blankes nie, maar dié van inheemse nie-blankes; die stemreg-agitasie is destyds probeer ondervang deur die instelling van 'n Tweede Volksraad, wat egter net beperkte magte besit het en uiteindelik as instrument misluk het sodat daar tot geweld oorgegaan is — het die Verteenwoordigende Kleurlingraad en die Indiërraad nie alreeds dieselfde paadjie geloop nie en is 'n meer betekenisvolle deelname in die landsregering nie die enigste alternatief nie?; Paul Kruger het gefouteer deur nie te *skik* toe hy die geleentheid gehad het nie en daardeur sy mense in 'n oorlog gedompel — dring dieselfde keuse hom nie nou aan die Afrikanerleiers op nie?; staan daar nie vir die Afrikaner en die witman 'n derde vryheidsoorlog voor die deur indien hy nie met sy landgenote tot 'n vergelyk kom nie?

Hierdie en ander parallelle wat so skynbaar inspanningloos opgenoem word laat die hoorder diep nadink. Hy kom onder die indruk van 'n denker wat gedurig intellektueel aktief is en vanuit sy vakkennis met die probleme van sy eie tyd worstel en probeer om oplossings te vind. Hy weet ná so 'n gesprek dat hy met 'n ruim gees te doen het wat bô die alledaagse uitstyg en die problematiek van sy eie tyd vanuit 'n breë perspektief benader. Ondenkbaar vir prof Van Jaarsveld is dié akademikus wat hom in sy ivoortoring van die samelewing afsonder.

Van Jaarsveld is egter nie net historikus wat slegs op sy vakgebied lees nie. Sy belangstelling en leeswerk is wyd en dit blyk ook uit sy gesprekke. Twee gebiede waarop hy hom al ingestudeer het is die argeologie (en geologie) en die sterrekunde. As hy dus tydens 'n blaaskansie op 'n uitstappie met studente teen die Magaliesberg oor

die ontstaansprosesse van die klippe waarop hulle sit, uitwei, praat hy met klaarblyklike kennis en insig. Ook wanneer 'n grot op die uitstappie besoek word, en daar in die vloer vir klipwerkstukke en potskerwe gegrawe word, praat hy hieroor met die gesag van iemand wat hierdie voorwerpe al self bymekaargemaak het en bestudeer het. En wie sal die geesdrif vergeet waarmee prof. Van Jaarsveld saans by die teleskoop in sy tuin oor sterre, planete en donker gate en konstellasies kan gesels? In die sterrekunde, het hy al gesê, moet die oorsprong van die geskiedenis gesoek word. Selfs die sesduisend jaar beskawingsgeskiedenis en die argeologie of prehistorie bevredig nie sy nuuskierighedsdrang nie.

Ook by formele voorlesings het dit al dikwels geblyk dat prof. Van Jaarsveld daarná op sy beste is. Soms lyk hy sigbaar gespanne tydens die lesing, maar gedurende vraetyd en bespreking ontpop hy as debatteerder, lê hy verbande en maak toepassings wat sy gespreksgenote boei en wat nuwe perspektiewe open.

Dié van ons wat al gereeld met F. A. van Jaarsveld gesprekke gevoer het is daardeur verryk. Weliswaar is hy lief daarvoor om soms onnodig van anglicismes gebruik te maak (miskien het hy dit tydens sy studiejare by die Nederlanders geleer) en raak hy soms so meegevoer dat hy onhoudbare en aanvegbare menings uitspreek. Maar dit maak juis van hom *mens*. En buitendien is hierdie die uitsonderings en is daar soveel ander verrykende gesprekke dat dié gevalle tot onbeduidendheid gereduseer word. Sy gespreksgenote besef dat hulle in 'n intellektuele ervaring gedeel het wat nie alleen hulle historiese insig verskerp het nie maar ook hulle intellektuele horison verruim het.